



Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 712

Cape Town
Kaapstad

8 October 2024

No. 51363

THE PRESIDENCY

No. 5396 **8 October 2024**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No.20 of 2018: Communal Property Associations Amendment, Act 2018

DIE PRESIDENSIE

No. 5396 **8 Oktober 2024**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 20 van 2018: Wysigingswet op verenigings vir Gemeenskaplike eiendom, 2018

ISSN 1682-5845



9 771682 584003



5 1 3 6 3



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- [] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- _____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 30 September 2024)

ACT

To amend the Communal Property Associations Act, 1996, so as to amend, insert and delete certain definitions; to provide for clarity on the objective of communal property associations; to provide for the establishment of a Communal Property Associations Office and the appointment of a Registrar of Communal Property Associations; to provide for general plans for land administered by an association; to repeal the provisions relating to provisional associations; to provide improved protection of the rights of communities in respect of movable and immovable property administered by an association; to provide for name changes of associations; to improve the provisions relating to the management of an association that has been placed under administration; to provide clarity on the content of an annual report in respect of associations; to make provision for transitional arrangements; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 28 of 1996, as amended by section 30 of Act 4 of 2011

1. Section 1 of the Communal Property Associations Act, 1996 (Act No. 28 of 1996) (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended— 5

- (a) by the substitution for the definition of “authorised officer” of the following definition: 5
 “‘**authorised officer**’ means a person designated as such by the [Director-General] Registrar;”;
- (b) by the insertion after the definition of “constitution” of the following 10
 definitions:
 “‘**CPA Office**’ means the Communal Property Associations Office contemplated in section 2B and its regional offices;
 ‘**Department**’ means the Department of Rural Development and Land Reform;”;
- (c) by the deletion of the definition of “interim committee”; 15
- (d) by the deletion of the definition of “provisional association”; 15
- (e) by the substitution for the definition of “register” of the following definition: 20
 “‘**register**’ means the register contemplated in section [8(3)(b)] 2D(d);”;

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk in vierkantige hake, dui uitlatings uit bestaande verordeninge aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordeninge aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 30 September 2024)

WET

Tot wysiging van die Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom, 1996, ten einde sekere omskrywings te wysig, in te voeg en te skrap; voorsiening te maak vir duidelikheid oor die oogmerk van verenigings vir gemeenskaplike eiendom; voorsiening te maak vir die stigting van 'n Kantoor vir Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom en die aanstelling van 'n Registrateur vir Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom; voorsiening te maak vir algemene planne vir grond deur 'n vereniging geadministreer; die bepalings aangaande voorlopige verenigings te herroep; verbeterde beskerming van die regte van gemeenskappe ten opsigte van roerende en onroerende eiendom deur 'n vereniging geadministreer, te voorsien; voorsiening te maak vir naamsveranderings van verenigings; die bepalings aangaande die bestuur van 'n vereniging wat onder administrasie geplaas is, te verbeter; duidelikheid te voorsien oor die inhoud van 'n jaarverslag ten opsigte van verenigings; voorsiening te maak vir oorgangsbepalings; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 28 van 1996, soos gewysig deur artikel 30 van Wet 4 van 2011

1. Artikel 1 van die Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom, 1996 (Wet No. 28 van 1996) (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur die volgende omskrywing voor die omskrywing van “Direkteur-generaal” in te voeg:

“**‘Departement’** die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming;”;

(b) deur die omskrywing van “gemagtigde beampte” deur die volgende omskrywing te vervang:

“**‘gemagtigde beampte’** 'n persoon deur die [Direkteur-generaal] Registrateur as sodanig aangewys;”;

(c) deur die omskrywing van “register” deur die volgende omskrywing te vervang:

“**‘register’** die register beoog in artikel [8(3)(b)] 2D(d);”;

- (f) by the insertion after the definition of “register” of the following definition:
 “**Registrar**” means the Registrar of Communal Property Associations contemplated in section 2C(1);”;
- (g) by the deletion of the definition of “Registration Officer”; and
- (h) by the substitution for the definition of “similar entity” of the following definition: 5
 “**similar entity**” means a trust as contemplated in the Trust Property Control Act, 1988 (Act No. 57 of 1988), a co-operative as contemplated in the Co-operatives Act, 2005 (Act No. 14 of 2005), or any other recognised association of persons or a company registered in terms of the Companies Act, 2008 (Act No. 71 of 2008);”.

Amendment of section 2 of Act 28 of 1996

2. The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

“Application of Act

2. (1) The provisions of this Act shall apply to a community— 15
- (a) which by order of the Land Claims Court or any other competent court is entitled to restitution under the Restitution of Land Rights Act, 1994 (Act No. 22 of 1994), where that Court has ordered restitution on condition that an association be formed in accordance with the provisions of this Act; 20
- (b) which is entitled to restitution in terms of Act No. 22 of 1994, and which community has entered into an agreement with the Minister as contemplated in section 42D of that Act, where it is a condition of such restitution that an association be formed in accordance with the provisions of this Act; 25
- (c) which is entitled to restitution in terms of Act No. 22 of 1994, and is the beneficiary of land purchased, acquired or expropriated in accordance with the provisions of section 42E of that Act, where it is a condition of such restitution that an association be formed in accordance with the provisions of this Act; 30
- [(b)] (d) which is entitled to, or receiving property, or other assistance from the State in terms of an agreement or in terms of any law, where the Minister has approved such community in terms of subsection (2) and on condition that an association be formed in accordance with the provisions of this Act; 35
- [(c)] (e) [approved by the Minister in terms of subsection (2), and] to which any property has been donated, sold or otherwise disposed of by any other person, where the Minister has approved such community in terms of subsection (2) and on condition that an association be formed in accordance with the provisions of this Act; 40
- [(d)] (f) approved by the Minister in terms of subsection (2), and which is a group acquiring land or acquiring rights to land and which wishes to form an association in accordance with the provisions of this Act;
- (g) to which any property has been awarded in terms of any legislation, where the Minister has approved such community in terms of subsection (2) on condition that an association be formed in accordance with the provisions of this Act; and 45
- (h) contemplated in subsection (5).

(2) The Minister may, with due regard to the objects of this Act, approve a community contemplated in paragraph [(c) or] (d), (e) (f) or (g) of subsection (1) for the purposes of this Act if he or she is satisfied that [the community is disadvantaged and that] it is in the public interest and the interests of the community that such approval be given, having regard to the nature and current use of the land. 50

- (d) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “register” in te voeg:
 “**‘Registrateur’** die Registrateur van Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom in artikel 2C(1) beoog;”;
- (e) deur die omskrywing van “Registrasiebeampte” te skrap;
- (f) deur die omskrywing van “soortgelyke entiteit” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “**‘soortgelyke entiteit’** ’n trust[,] soos beoog in die Wet op die Beheer oor Trustgoed, 1988 (Wet No. 57 van 1988), ’n koöperasie soos beoog in die ‘Co-operatives Act’, 2005 (Wet No. 14 van 2005), of enige ander erkende vereniging van persone, of ’n maatskappy ingevolge die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), geregistreer;”;
- (g) deur die omskrywing van “tussentydse komitee” te skrap;
- (h) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “vereniging” in te voeg:
 “**‘VGE-kantoor’** die Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom se kantoor in artikel 2B beoog en die streekkantore daarvan;”;
- (i) deur die omskrywing van “voorlopige vereniging” te skrap.

Wysiging van artikel 2 van Wet 28 van 1996

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Toepassing van Wet

2. (1) Die bepalings van hierdie Wet is van toepassing op ’n gemeenskap—
- (a) wat op las van die Grondseisshof of enige ander bevoegde hof geregtig is op herstel kragtens die Wet op Herstel van Grondregte, 1994 (Wet No. 22 van 1994), waar daardie Hof herstel gelas het op voorwaarde dat ’n vereniging ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet gestig word;
- (b) wat geregtig is op herstel ingevolge Wet No. 22 van 1994, en welke gemeenskap ’n ooreenkoms met die Minister aangegaan het soos beoog in artikel 42D van daardie Wet, waar dit ’n voorwaarde van sodanige herstel is dat ’n vereniging ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet gestig word;
- (c) wat geregtig is op herstel ingevolge Wet No. 22 van 1994, en die begunstigde is van grond gekoop, verkry of onteien ooreenkomstig die bepalings van artikel 42E van daardie Wet, waar dit ’n voorwaarde van sodanige herstel is dat ’n vereniging ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet gestig word;
- [(b)] (d) wat op eiendom of ander bystand van die Staat geregtig is of dit ontvang ingevolge ’n ooreenkoms of ingevolge enige wet, waar die Minister sodanige gemeenskap ingevolge subartikel (2) goedgekeur het en op voorwaarde dat ’n vereniging ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet gestig word;
- [(c)] (e) [wat ingevolge subartikel (2) deur die Minister goedgekeur is en] aan wie enige eiendom geskenk, verkoop of andersins oor beskik is deur ’n ander persoon, waar die Minister daardie gemeenskap ingevolge subartikel (2) goedgekeur het en op voorwaarde dat ’n vereniging ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet gestig word;
- [(d)] (f) wat ingevolge subartikel (2) deur die Minister goedgekeur is en wat ’n groep is wat grond of regte in grond verkry en wat ’n vereniging ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet wil stig;
- (g) waaraan enige eiendom ingevolge enige wetgewing toegestaan is, waar die Minister daardie gemeenskap ingevolge subartikel (2) goedgekeur het op voorwaarde dat ’n vereniging ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet gevorm word; en
- (h) in subartikel (5) beoog.
- (2) Die Minister kan, met behoorlike inagneming van die oogmerke van hierdie Wet, ’n gemeenskap in paragraaf [(c) of] (d), (e), (f) of (g) van subartikel (1) beoog, vir doeleindes van hierdie Wet goedkeur indien hy of sy oortuig is dat [die gemeenskap benadeel is en dat] dit in die openbare belang en die belang van die gemeenskap is om sodanige goedkeuring te gee, met inagneming van die aard en huidige gebruik van die grond.

(3) The Minister may on application by a similar entity and on advice of the Registrar, or by order of any court, and having had due regard to the objects of this Act and the public interest, by notice in the *Gazette*, and subject to such qualifications or conditions as he or she may determine[,] —

(a) make **[the provisions of section 8, 9, 10, 11, 12, 14 or 16, or any subsection thereof,]** any provision of this Act applicable to such entity[.]; or 5

(b) declare such entity to be an association as contemplated in this Act and make any provision of this Act applicable to such an association: Provided that such an entity must, within three months from the date on which it has been declared an association, apply for deregistration in accordance with the provisions of the relevant Act in terms of which it was registered and provide the Registrar with copies of such application and upon deregistration, with copies of the correspondence confirming such deregistration. 10 15

(4) For the purposes of subsection (3)(a), any reference to an association shall be deemed to be a reference to the entity in question.

(5) Where a community has, prior to or after the commencement of this Act, established a similar entity through a democratic process, the **[Director-General] Registrar** may, if such community wishes to establish an association contemplated in this Act, exempt such community from the provisions of section 6, 7 or 8 as may place an unnecessary burden on the community, having regard to the procedure that was followed by the community in establishing such entity. 20

(6) A condition by the Minister that an association be formed as contemplated in section 2(1) shall only be made after a community has taken a resolution to form an association and informed the Minister of such a resolution.”. 25

Insertion of sections 2A, 2B, 2C, and 2D into Act 28 of 1996

3. The following sections are hereby inserted after section 2 of the principal Act: 30

“General plan and registration of property

2A. (1) Notwithstanding section 2 and section 42A of the Restitution of Land Rights Act, 1994 (Act No. 22 of 1994), property contemplated in this Act shall be registered in the name of the association within a reasonable time. 35

(2) For the purposes of the registration of property in terms of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 37 of 1937) as contemplated in section 2, the Department shall, in consultation with the community concerned, have a general plan for such property prepared for approval in terms of the Land Survey Act, 1997 (Act No. 8 of 1997), in instances where a general plan is required for such purposes. 40

(3) The general plan contemplated in subsection (1) shall outline parts of the property reserved for—

- (a) economic, social, environmental and sustainable development and infrastructure investment for the community concerned; 45
- (b) crop fields, grazing land, waterways, woodlands, conservation, recreational and any other purpose for the community concerned;
- (c) the provision of economic, social and other services for the community concerned; and
- (d) subdivided portions for residential, industrial and commercial purposes. 50

(4) The Minister may prescribe the format for the general plan.

(5) The Minister shall, from monies appropriated by Parliament for this purpose, pay the costs of transfer, surveying and registration required to give effect to this Act. 55

(3) Die Minister kan, op aansoek van 'n soortgelyke entiteit en op advies van die Registrateur, of op bevel van enige hof, en met behoorlike inagneming van die oogmerke van hierdie Wet en die openbare belang, by kennisgewing in die *Staatskoerant* en behoudens die kwalifikasies of voorwaardes wat hy of sy bepaal[, **die bepalings van artikel 8, 9, 10, 11, 12, 14 of 16, of enige subartikel daarvan,**]

(a) enige bepaling van hierdie Wet van toepassing maak op daardie entiteit[.]; of
(b) sodanige entiteit tot 'n vereniging soos beoog in hierdie Wet verklaar en enige bepaling van hierdie Wet op so 'n vereniging van toepassing maak: Met dien verstande dat sodanige entiteit, binne drie maande vanaf die datum waarop dit tot 'n vereniging verklaar is, aansoek doen om deregistrasie ooreenkomstig die bepalings van die tersaaklike Wet ingevolge waarvan dit geregistreer is en die Registrateur voorsien van afskrifte van sodanige aansoek en by deregistrasie, van afskrifte van die korrespondensie ter bevestiging van sodanige deregistrasie.

(4) By die toepassing van subartikel (3)(a) word enige verwysing na 'n vereniging geag 'n verwysing na so 'n entiteit te wees.

(5) Waar 'n gemeenskap voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n soortgelyke entiteit deur 'n demokratiese proses gestig het, kan die **[Direkteur-generaal]** Registrateur, indien daardie gemeenskap 'n vereniging in hierdie Wet beoog, wil stig, daardie gemeenskap vrystel van die bepalings van artikel 6, 7 of 8 wat 'n onnodige las op die gemeenskap plaas, met inagneming van die prosedure wat deur die gemeenskap gevolg is by die stigting van daardie entiteit.

(6) 'n Voorwaarde deur die Minister dat 'n vereniging gevorm word soos in artikel 2(1) beoog, word slegs gestel nadat 'n gemeenskap 'n besluit geneem het om 'n vereniging te vorm en die Minister van daardie besluit in kennis gestel het.”.

Invoeging van artikels 2A, 2B, 2C, en 2D in Wet 28 van 1996

3. Die volgende artikels word hierby na artikel 2 in die Hoofwet ingevoeg:

“Algemene plan en registrasie van eiendom

2A. (1) Ondanks artikel 2 en artikel 42A van die Wet op Herstel van Grondregte, 1994 (Wet No. 22 van 1994), word eiendom in hierdie Wet beoog binne 'n redelike tydperk in die naam van die vereniging geregistreer.

(2) Vir die doeleindes van die registrasie van eiendom ingevolge die Wet op Registrasie van Aktes, 1937 (Wet No. 47 van 1937), soos in artikel 2 beoog, moet die Departement, in oorleg met die betrokke gemeenskap, 'n algemene plan vir daardie eiendom voorberei hê vir goedkeuring ingevolge die Grondopmetingswet, 1997 (Wet No. 8 van 1997), in gevalle waar 'n algemene plan vir sodanige doeleindes vereis word.

(3) Die algemene plan in subartikel (1) beoog, beskryf die dele van die eiendom wat gereserveer is vir—

- (a) ekonomiese, maatskaplike en volhoubare ontwikkeling en infrastruktuurbelegging vir die betrokke gemeenskap;
- (b) saaigrond, weiveld, waterweë, bosland, bewaring, ontspanning en enige ander doel vir die betrokke gemeenskap;
- (c) die voorsiening van ekonomiese, maatskaplike en ander dienste aan die betrokke gemeenskap; en
- (d) onderverdeelde gedeeltes vir residensiële, nywerheids- en kommersiële doeleindes.

(4) Die Minister kan die formaat vir die algemene plan voorskryf.

(5) Die Minister moet, uit gelde deur die Parlement vir hierdie doel bewillig, die kostes vir oordrag, opmeting en registrasie betaal wat nodig is om aan hierdie Wet gevolg te gee.

Establishment of CPA Office

2B. An office called the Communal Property Associations Office is hereby established within the Department.

Appointment and conditions of service of Registrar

2C. (1) The Minister shall, subject to the laws governing the public service, appoint a person as the Registrar of Communal Property Associations. 5

(2) The Registrar may, with the consent of the Director-General, establish a regional office for any area as may be agreed to by the Director-General, and may subject to the laws governing the public service, appoint a Deputy Registrar for each such office, to perform the functions of the Registrar in such office, subject to the control of the Registrar. 10

(3) The Registrar shall have minimum qualifications and experience as well as skills as may be determined by the Minister. 15

(4) The remuneration of the Registrar shall be determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance. 15

(5) The Director-General shall in consultation with the Registrar designate any person within the Department with relevant qualifications to perform duties in the office of the Registrar or the Deputy Registrar.

Functions of Registrar

20

2D. The Registrar is responsible for the administration of the CPA Office and any regional office, and shall—

- (a) with the consent of the Director-General, establish a provincial office in each province and may, subject to the laws governing the public service, appoint a Deputy Registrar for each provincial office, to perform the functions of the Registrar in such office, subject to the control of the Registrar; 25
- (b) provide assistance to the communities and associations concerned for the purposes of this Act;
- (c) ensure the verification of members of the association; 30
- (d) register associations, subject to the provisions of this Act, and keep record of all certificates of registration issued, copies of such certificates issued or addendums to such certificates issued in accordance with the provisions of section 8(3);
- (e) ensure compliance by associations with the provisions of this Act; 35
- (f) keep a register of registered associations and entities to which provisions of this Act have been made applicable in terms of section 2(3)(a), including entities declared as associations in terms of section 2(3)(b);
- (g) safeguard the register referred to in paragraph (d) and the seal referred to in section 3; 40
- (h) keep record of any bank account opened in the name of an association and any letter issued in terms of section 9(1)(e)(iii);
- (i) keep record of any delegation made in terms of this Act and regularly review such delegations; 45
- (j) collect and keep record of any information required for the purposes of the annual report referred to in section 17;
- (k) regularly advise the Minister and Director-General respectively on the review of any regulations prescribed or fees determined in terms of this Act; 50
- (l) on request, provide members of the public with copies of the constitution of any association or similar entity, or with information contained in the register or any other relevant records, in accordance with and subject to the provisions of the Promotion of Access to Information Act, 2000 (Act No. 2 of 2000); 55

Stigting van VGE-kantoor

2B. 'n Kantoor wat die Kantoor vir Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom sal heet, word hierby in die Departement gestig.

Aanstelling en diensvoorwaardes van Registrateur

2C. (1) Die Minister moet, behoudens die wette wat die staatsdiens reël, iemand as die Registrateur van Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom aanstel. 5

(2) Die Registrateur kan, met die toestemming van die Direkteur-generaal, 'n streekkantoor vir enige gebied instel waartoe die Direkteur-generaal kan instem, en kan behoudens die wette wat die staatsdiens reël, 'n adjunkregistrateur vir elke sodanige kantoor aanstel, onderhewig aan die beheer van die Registrateur. 10

(3) Die Registrateur moet minimum kwalifikasies en ervaring asook vaardighede hê soos die Minister bepaal.

(4) Die vergoeding van die Registrateur word deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal. 15

(5) Die Direkteur-generaal wys in oorleg met die Registrateur enigiemand binne die Departement met tersaaklike kwalifikasies aan om pligte in die kantoor van die Registrateur of die adjunkregistrateur te verrig.

Werksaamhede van Registrateur

20

2D. Die Registrateur is verantwoordelik vir die administrasie van die VGE-kantoor en enige streekkantoor en moet—

- (a) met die toestemming van die Direkteur-generaal, 'n provinsiale kantoor in elke provinsie instel en kan, behoudens die wette wat die staatsdiens beheer, 'n adjunkregistrateur vir elke provinsiale kantoor aanstel, om die werksaamhede van die Registrateur in sodanige kantoor te verrig, behoudens die beheer van die Registrateur; 25
- (b) vir die doeleindes van hierdie Wet bystand aan die betrokke gemeenskappe en verenigings voorsien;
- (c) die verifiëring van lede van die vereniging verseker; 30
- (d) verenigings registreer, behoudens die bepalings van hierdie Wet, en rekord hou van alle registrasiesertifikate uitgereik, afskrifte van daardie sertifikate uitgereik of addenda tot sodanige sertifikate uitgereik ooreenkomstig die bepalings van artikel 8(3);
- (e) voldoening deur verenigings aan die bepalings van hierdie Wet verseker; 35
- (f) 'n register hou van geregistreerde verenigings en entiteite waarop bepalings van hierdie Wet ingevolge artikel 2(3)(a) van toepassing gemaak is, met inbegrip van entiteite ingevolge artikel 2(3)(b) tot verenigings verklaar; 40
- (g) die register in paragraaf (d) bedoel en die seël in artikel 3 bedoel, bewaar;
- (h) rekord hou van enige bankrekening in die naam van 'n vereniging oopgemaak en van enige brief ingevolge artikel 9(1)(e)(iii) uitgereik; 45
- (i) rekord hou van enige delegering ingevolge hierdie Wet gedoen en sodanige delegerings gereeld hersien;
- (j) enige inligting vir die doeleindes van die jaarverslag in artikel 17 bedoel, insamel en rekord daarvan hou;
- (k) die Minister en Direkteur-generaal onderskeidelik gereeld van raad bedien oor die hersiening van enige regulasies voorgeskryf of gelde vasgestel ingevolge hierdie Wet; 50
- (l) op versoek, lede van die publiek voorsien van afskrifte van die grondwet van enige vereniging of soortgelyke entiteit, of van inligting in die register of enige ander tersaaklike rekords verrat, ooreenkomstig en behoudens die bepalings van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000); 55

10

- (m) impress the seal referred to in section 3 on any certificate of registration referred to in section 8(3)(a), on any copy of a certificate of registration referred to in section 8(3)(b), or on any addendum referred to in section 8(3)(c), on any letter referred to in section 9(1)(e)(iii) and on any other document as may be prescribed; and 5
- (n) perform any other functions assigned to the Registrar in this Act, directed by any court, or as may be requested by the Minister or Director-General to achieve the objects of this Act.”.

Amendment of section 4 of Act 28 of 1996

4. The following section is hereby substituted for section 4 of the principal Act: 10

“Exemption from liability

4. No act or omission of whatever nature by the Director-General, **[Registration Officer]** Registrar or any officer or other person performing functions under the authority of the Director-General or **[Registration Officer]** Registrar, as the case may be, in terms of this Act, shall subject the Director-General, the **[Registration Officer]** Registrar, or any such officer or person to any liability for any loss or damage sustained by any person as a result of any such act or omission, unless such act or omission was in bad faith or constituted gross negligence.”. 15

Repeal of section 5 of Act 28 of 1996

20

5. Section 5 of the principal Act is hereby repealed.

Amendment of section 6 of Act 28 of 1996

6. The following section is hereby substituted for section 6 of the principal Act:

“Drafting of constitution

6. (1) A community wishing to **[procure the registration of]** register an association under this Act may apply to the **[Director-General]** Registrar for assistance in the preparation of a draft constitution. 25

(2) The **[Director-General]** Registrar shall, after receiving an application in terms of subsection (1), designate any officer in the **[Department of Rural Development and Land Reform]** CPA Office or any other suitable person to provide the community with such assistance as may be required and available for the preparation of a draft constitution. 30

(3) A community **[may]** must submit a draft constitution to the **[Director-General]** Registrar for consideration.

(4) The **[Director-General]** Registrar may suggest amendments to such draft constitution in order to make it comply with the provisions of section 9, and shall notify the community of the reasons for such suggestions.”. 35

Amendment of section 7 of Act 28 of 1996

7. Section 7 of the principal Act is hereby amended— 40

- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) When a community **[or provisional association]** wishes to adopt a constitution it shall notify the **[Director-General]** Registrar accordingly, within a reasonable period of time and shall convene a meeting or meetings in such a manner as may be prescribed for the adoption of constitutions: Provided that a constitution shall be adopted by a resolution of no less than 60% of the total number of the verified members of the association having the right to make decisions.”; 45

- (m) die seël in artikel 3 bedoel, afdruk op enige registrasiesertifikaat in artikel 8(3)(a) bedoel, op enige afskrif van 'n registrasiesertifikaat in artikel 8(3)(b) bedoel, of op enige addendum in artikel 8(3)(c) bedoel, op enige brief in artikel 9(1)(e)(iii) bedoel en op enige ander dokument soos voorgeskryf kan word; en 5
- (n) enige ander werksaamhede verrig in hierdie Wet aan die Registrateur toegewys, deur enige hof gelas, of soos deur die Minister of Direkteur-generaal versoek om die oogmerke van hierdie Wet te bereik.”.

Wysiging van artikel 4 van Wet 28 van 1996 10

4. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Vrystelling van aanspreeklikheid

4. Geen handeling of versuim van watter aard ook al deur die Direkteur-generaal, **[Registrasiebeampte]** Registrateur of enige beampte of ander persoon wat werksaamhede verrig op gesag van die Direkteur-generaal of **[Registrasiebeampte]** Registrateur, na gelang van die geval, ingevolge hierdie Wet, onderwerp die Direkteur-generaal, die **[Registrasiebeampte]** Registrateur of enige sodanige beampte of persoon aan enige aanspreeklikheid vir enige verlies of skade gely deur 'n persoon as gevolg van enige sodanige handeling of versuim nie, tensy die handeling of versuim te kwader trou was of growwe nalatigheid uitgemaak het.”. 15 20

Herroeping van artikel 5 van Wet 28 van 1996

5. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 6 van Wet 28 van 1996

6. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: 25

“Opstel van grondwet

6. (1) 'n Gemeenskap wat 'n vereniging kragtens hierdie Wet wil registreer, kan by die **[Direkteur-generaal]** Registrateur aansoek doen om bystand met die voorbereiding van 'n konsepgrondwet.
- (2) Die **[Direkteur-generaal]** Registrateur moet, nadat 'n aansoek ingevolge subartikel (1) ontvang is, 'n beampte van die **[Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming]** VGE-kantoor, of enige ander gepaste persoon, aanwys om die bystand aan die gemeenskap te verleen wat nodig en beskikbaar is vir die voorbereiding van 'n konsepgrondwet. 30 35
- (3) 'n Gemeenskap **[kan]** moet 'n konsepgrondwet aan die **[Direkteur-generaal]** Registrateur vir oorweging voorlê.
- (4) Die **[Direkteur-generaal]** Registrateur kan wysigings voorstel wat aan sodanige konsepgrondwet aangebring moet word ten einde aan die bepalings van artikel 9 te voldoen, en moet die gemeenskap van die redes vir daardie voorstelle verwittig.”. 40

Wysiging van artikel 7 van Wet 28 van 1996

7. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Wanneer 'n gemeenskap **[of 'n voorlopige vereniging]** 'n grondwet wil aanneem, moet hy die **[Direkteur-generaal]** Registrateur binne 'n redelike tydperk dienooreenkomstig in kennis stel en 'n vergadering of vergaderings belê op die wyse wat vir die aanneming van 'n grondwet voorgeskryf kan word: Met dien verstande dat 'n grondwet deur 'n besluit van nie minder nie as 60% van die totale getal van die geverifieerde lede van die vereniging met 'n reg om besluite te neem, aanvaar moet word.”; 45 50

- (b) by the insertion in subsection (2) after paragraph (b) of the following paragraph:
 “(bA) whether members of the association have been properly identified by the community.”;
- (c) by the substitution in subsection (2) for paragraph (f) of the following paragraph:
 “(f) any other matter which the Minister may prescribe or which may be relevant to the exercise of the [Director-General’s] Registrar’s discretion.”; and
- (d) by the substitution for subsections (3) and (4) of the following subsections respectively:
 “(3) The community [or provisional association] shall, as soon as practicable after the adoption of the constitution, submit it together with the prescribed information to the [Director-General] Registrar.
 (4) Any person claiming to have been excluded from participation in the process of preparation and adoption of the constitution or claiming that the process was not fair may lodge a complaint with the [Director-General] Registrar, who may, if he or she is satisfied on reasonable grounds that the complaint is material, refuse to [cause] register the association [to be registered] until the issue has been resolved to the satisfaction of the [Director-General] Registrar.”.

Amendment of section 8 of Act 28 of 1996

8. Section 8 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
 “(1) The [Director-General] Registrar shall consider an application for registration of an association together with any prescribed information, the report referred to in section 7(2) and the constitution adopted by the association.”;
- (b) by substitution in subsection (2) for paragraph (b) of the following paragraph:
 “(b) the association has, as its main object the holding of property in common.”;
- (c) by the substitution in subsection (2) for the words following paragraph (f) of the following words:
 “Provided that the [Director-General] Registrar may cause an association to be registered if he or she is satisfied that—”;
- (d) by the substitution in paragraph (f) of subsection (2) for subparagraph (ii) of the following subparagraph:
 “(ii) the constitution reflects the view of the majority of the members of the [association] community; and”;
- (e) by the substitution for subsections (3), (4) and (5) of the following subsections respectively:
 “(3) (a) If the [Director-General] Registrar is satisfied that the association qualifies for registration he or she [shall refer the application, constitution and his or her own written consent, to the Registration Officer, who] shall register the association in the prescribed manner, allocate a registration number, and issue a certificate of registration.
 [(b) The Registration Officer shall keep a register of registered provisional associations, associations and similar entities to which the provisions of this Act have been made applicable in terms of section 2(3).
 (c) On request and on payment of the prescribed fee the Registration Officer shall provide members of the public with information contained in the register and with a copy of the constitution of any registered association or similar entity.]
 (b) The Registrar shall, if a certificate of registration contemplated in paragraph (a) is lost or destroyed, on written application by the association and on payment of the fees determined by the Director-General, issue the association with a copy of the certificate filed in the Registrar’s Office and shall indicate on such copy that it is a true copy of the original certificate.”.

- (b) deur in subartikel (2) die volgende paragraaf na paragraaf (b) in te voeg:
“(bA) hetsy lede van die vereniging voorheen behoorlik deur die gemeenskap geïdentifiseer is;”;
- (c) deur in subartikel (2) paragraaf (f) deur die volgende paragraaf te vervang:
“(f) enige ander aangeleentheid wat die Minister voorskryf of wat relevant vir die uitoefening van die **[Direkteur-generaal] Registrateur** se diskresie kan wees.”; en 5
- (d) deur subartikels (3) en (4) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:
“(3) Die gemeenskap **[of voorlopige vereniging]** moet die grondwet so gou doenlik na die aanneming daarvan saam met die voorgeskrewe inligting aan die **[Direkteur-generaal] Registrateur** voorlê. 10
(4) Iemand wat beweer dat hy of sy van deelname aan die proses van die opstel en aanneming van die grondwet uitgesluit was, of wat beweer dat die proses nie billik was nie, kan ’n klagte indien by die **[Direkteur-generaal] Registrateur**, en hy of sy kan, indien hy of sy op goeie gronde oortuig is dat die klagte wesenlik is, weier om die vereniging te **[laat]** registreer totdat die aangeleentheid tot bevrediging van die **[Direkteur-generaal] Registrateur** opgelos is.”. 15

Wysiging van artikel 8 van Wet 28 van 1996

20

8. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
“(1) Die **[Direkteur-generaal] Registrateur** moet ’n aansoek om registrasie van ’n vereniging saam met enige voorgeskrewe inligting, die verslag in artikel 7(2) bedoel en die grondwet wat deur die vereniging aangeneem is, oorweeg.”; 25
- (b) deur in subartikel (2) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:
“(b) die vereniging die gemeenskaplike besit van eiendom as sy hoofdoelmerk het;”;
- (c) deur in subartikel (2) die woorde wat op paragraaf (f) volg deur die volgende woorde te vervang:
“Met dien verstande dat die **[Direkteur-generaal] Registrateur** ’n vereniging kan laat registreer indien hy of sy oortuig is dat—”; 30
- (d) deur in paragraaf (f) van subartikel (2) subparagraaf (ii) deur die volgende paragraaf te vervang:
“(ii) die grondwet die siening van die meerderheid van die lede van die **[vereniging] gemeenskap** weerspieël; en”; 35
- (e) deur subartikels (3), (4) en (5) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:
“(3) (a) Indien die **[Direkteur-generaal] Registrateur** oortuig is dat die vereniging vir registrasie kwalifiseer, moet hy of sy **[die aansoek, grondwet en sy of haar eie skriftelike instemming, na die Registrasie-beampte verwys, wat]** die vereniging op die voorgeskrewe wyse registreer, ’n registrasienommer toeken en ’n registrasiesertifikaat uitreik. 40
45
[(b) Die Registrasiebeampte moet ’n register hou van geregistreerde voorlopige verenigings, verenigings en soortgelyke entiteite op wie die bepalings van hierdie Wet ingevolge artikel 2(3) van toepassing gemaak is.
(c) Op versoek en na betaling van die voorgeskrewe gelde moet die **Registrasiebeampte lede van die publiek voorsien van inligting in die register vervat en van ’n afskrif van die grondwet van enige geregistreerde vereniging of soortgelyke entiteit.]** 50
(b) Die Registrateur moet, indien ’n registrasiesertifikaat in paragraaf (a) beoog, verloor of vernietig word, by skriftelike aansoek deur die vereniging en by betaling van die gelde deur die Direkteur-generaal vasgestel, ’n afskrif van die sertifikaat in die Registrateur se kantoor geliasseer aan die vereniging uitreik en moet op sodanige afskrif aandui dat dit ’n ware afskrif van die oorspronklike sertifikaat is. 55

- (c) The name of an association may be changed in accordance with the prescribed procedure and if the Registrar is satisfied that such procedure has been followed, he or she may issue an addendum to the certificate of registration, indicating the new name of the association.
- (d) When the name of an association is changed as contemplated in paragraph (c), the Registrar shall inform the Registrar of Deeds in whose area of jurisdiction the immovable property which is administered by the association is situated, and the Registrar of Deeds shall endorse the community's title deed to reflect the new name of the association.
- (4) If the **[Director-General]** Registrar is not satisfied that the association qualifies for registration he or she shall notify the community of the steps to be taken to procure the registration of the association.
- (5) The **[Director-General]** Registrar shall assist a community to deal with any issue which is to be addressed in order to procure the registration of the association.”;
- (f) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:
- “(6) Upon registration of an association—
- (a) the association shall be established as a juristic person, with the capacity to sue and be sued;
- (b) the association may acquire rights and incur obligations on behalf of the community concerned, in its own name in accordance with its constitution;
- (c) the association may, on behalf of the community concerned, subject to the provisions of its constitution and section 12—
- (i) acquire and dispose of immovable property and real rights therein; and
- (ii) encumber such immovable property or real rights by mortgage, servitude, or lease or in any other manner;
- (d) the association shall have perpetual succession regardless of changes in its membership;
- (e) the constitution shall be a legally binding agreement between the association and its members, the association and members of the committee and shall be deemed to be a matter of public knowledge;”
- (g) by the deletion of subsections (7) and (8); and
- (h) by the substitution for subsections (10) and (11) of the following subsections respectively:
- “(10) No amendment of a constitution of an association registered under this Act shall be valid or binding until it has been **[accepted by the Director-General in writing and lodged with the Registration Officer]** lodged with and accepted in writing by the Registrar.
- (11) The provisions of sections 6 and 7 and subsections (1) to (5) of this section, shall apply **[mutatis mutandis]** with the necessary changes, with regard to any proposed amendment of the constitution of an association registered under this Act: Provided that the **[Director-General shall]** Registrar shall waive compliance with the provisions of section 7 if he or she is satisfied that the amendment was adopted in terms of the constitution, that the nature of the amendment is such that compliance with those provisions is not necessary, and that the amendment does not have a material adverse effect on the rights of members.”.

Amendment of section 9 of Act 28 of 1996

9. Section 9 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in subsection (1) for subparagraph (ii) of paragraph (a) of the following subparagraph:
- “(ii) any decision to amend the constitution or dissolve the association, or to dispose of or to encumber **[the]** immovable property **[of the association]**, requires **[an inclusive decision-making process]** a resolution of no less than 60% of the verified members of the association who have the right to make decisions; and”;

- (c) Die naam van 'n vereniging kan ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedure verander word en indien die Registrateur oortuig is dat sodanige prosedure gevolg is, kan hy of sy 'n addendum tot die registrasiesertifikaat uitreik waarin die nuwe naam van die vereniging aangedui word. 5
- (d) Wanneer die naam van 'n vereniging verander word soos in paragraaf (c) beoog, moet die Registrateur die Registrateur van Aktes in wie se regsgebied die onroerende eiendom wat deur die vereniging geadministreer word, geleë is, inlig en die Registrateur van Aktes moet die nuwe naam van die vereniging op die gemeenskap se titelakte aanteken. 10
- (4) Indien die **[Direkteur-generaal]** Registrateur nie oortuig is dat die vereniging vir registrasie kwalifiseer nie, moet hy of sy die gemeenskap in kennis stel van die stappe wat gedoen moet word om die vereniging te laat registreer. 15
- (5) Die **[Direkteur-generaal kan]** Registrateur moet 'n gemeenskap help om enige aangeleentheid te hanteer wat aangepak moet word ten einde die vereniging te registreer.”;
- (f) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang: 20
- “(6) Met die registrasie van 'n vereniging—
- (a) kom die vereniging tot stand as 'n regs persoon met die bevoegdheid om te dagvaar en gedagvaar te word;
- (b) kan die vereniging ooreenkomstig **[sy]** die grondwet, namens die betrokke gemeenskap in sy eie reg regte verkry en verpligtinge aangaan; 25
- (c) kan die vereniging, namens die betrokke gemeenskap, behoudens die bepalings van sy grondwet en artikel 12—
- (i) onroerende eiendom en saaklike regte daarop verkry en van die hand sit; en
- (ii) sodanige onroerende eiendom of saaklike regte deur verband, serwituut of huur of op enige ander wyse beswaar; 30
- (d) beskik die vereniging oor ewigdurende opvolging ongeag veranderinge aan sy lidmaatskap;
- (e) maak die grondwet 'n regtens bindende ooreenkoms tussen die vereniging en sy lede, die vereniging en lede van die komitee uit en word die grondwet geag 'n aangeleentheid van openbare kennis te wees;”;
- (g) deur subartikels (7) en (8) te skrap; en
- (h) deur subartikels (10) en (11) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang: 40
- “(10) Geen wysiging van 'n grondwet van 'n vereniging kragtens hierdie Wet geregistreer, is geldig of bindend nie alvorens dit **[skriftelik deur die Direkteur-generaal aanvaar is en by die Registrasie-beampte ingedien is]** by die Registrateur ingedien en skriftelik deur hom of haar aanvaar is. 45
- (11) Die bepalings van artikel 6 en 7 en subartikels (1) tot (5) van hierdie artikel is **[mutatis mutandis]** met die nodige veranderinge van toepassing op enige voorgestelde wysiging van 'n grondwet van 'n vereniging kragtens hierdie Wet geregistreer: Met dien verstande dat die **[Direkteur-generaal]** Registrateur afstand moet doen van voldoening aan die bepalings van artikel 7 indien hy of sy oortuig is dat die wysiging ooreenkomstig die grondwet aangeneem is, dat die aard van die wysiging sodanig is dat voldoening aan die bepalings nie nodig is nie, en dat die wysiging nie 'n wesenlike nadelige uitwerking op die regte van lede het nie.”. 55

Wysiging van artikel 9 van Wet 28 van 1996

9. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in subartikel (1) subparagraaf (ii) in paragraaf (a) deur die volgende subparagraaf te vervang: 60
- “(ii) enige besluit om die grondwet te wysig of die vereniging te ontbind, of om oor **[die]** onroerende eiendom **[van die vereniging]** te beskik of dit te beswaar, 'n **[inklusiewe besluit-nemingsproses]** besluit van nie minder nie as 60% van die geverifieerde lede van die vereniging met die reg om besluite te neem, vereis; en”;
- 65

- (b) by the substitution in subsection (1) for the words preceding subparagraph (i) of paragraph (b) of the following words:
 “(b) **[equality of]** fair and non-discriminatory membership, in that —”;
- (c) by the substitution in subsection (1) for paragraph (d) of the following paragraph: 5
 “(d) fair access to the property of the association, in that—
 (i) the association shall manage property owned, controlled or held by it for the benefit of the members in a participatory and non-discriminatory manner;
 (ii) a member may not be excluded from access to or use of any 10
 part of the associations’ property which has been allocated for such member’s exclusive or the communal use except in accordance with the procedures set out in the constitution; and
 (iii) the association may **[not]** only sell, donate or encumber the 15
 property of the association, or any substantial part of it, **[without the consent of a majority of the members present at a general meeting of the association]** in accordance with the provisions of section 12(1);”;
- (d) by the substitution in subsection (1) for subparagraphs (ii), (iii) and (iv) of 20
 paragraph (e) of the following subparagraphs respectively:
 “(ii) the financial records of the association are subject to an annual independent verification, as approved by the **[Director-General]** Registrar;
 (iii) all the cash of the association shall be deposited in an account 25
 opened in the name of the association with a bank registered in terms of the Banks Act, 1990 (Act No. 94 of 1990), **[or a mutual bank registered in terms of the Mutual Banks Act, 1993 (Act No. 124 of 1993), or with the Post Office Savings Bank contemplated in section 52 of the Post Office Act, 1958 (Act No. 44 of 1958)]** the South African Postbank Limited Act, 2010 (Act 30
 No. 9 of 2010), or such other institution as may be approved by the Director-General: Provided that—
 (aa) an association may only open an account upon receipt of an 35
 original letter issued and signed by the Registrar, confirming that the association complies with the provisions of this Act, that it has been registered in terms of this Act and containing such other information as may be prescribed;
 (bb) the letter referred to in subparagraph (aa) shall be addressed to 40
 the specific bank or institution where the association wishes to open an account and shall only be valid for the period indicated in the letter; and
 (cc) the association shall, within 14 days from opening such an account, provide the Registrar with the account number and 45
 such other details as may be required by the Registrar;
 (iv) the association may not purchase or acquire for consideration **[shares other than shares]** securities other than securities which 50
 are listed on a licensed **[stock]** exchange as **[defined in the Stock Exchanges Control Act, 1985 (Act No. 1 of 1985)]** contemplated in section 9 of the Financial Markets Act, 2012 (Act No. 19 of 2012).”; and
- (e) by the substitution in subsection (1) for subparagraph (vi) of paragraph (e) of the following subparagraph:
 “(vi) the committee members shall have fiduciary responsibilities in 55
 relation to the association and its members, and shall exercise their powers in the best interests of all the members of the association **[,without any advantage to themselves in comparison with other members who are similarly placed].**”.

- (b) deur in subartikel (1) die woorde wat subparagraaf (i) van paragraaf (b) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
 “(b) [**gelykheid van**] billike en niediskriminerende lidmaatskap, deurdat—”;
- (c) deur in subartikel (1) paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang: 5
 “(d) billike toegang tot die eiendom van die vereniging, deurdat—
 (i) die vereniging eiendom wat deur hom besit, beheer of gehou word, tot voordeel van die lede op ’n deelnemende en niediskriminerende wyse moet bestuur;
 (ii) ’n lid slegs ooreenkomstig die prosedures in die grondwet uiteengesit, uitgesluit kan word van toegang tot of gebruik van enige deel van die vereniging se eiendom wat vir daardie lid se uitsluitlike of die gemeenskaplike gebruik toegewys is; en
 (iii) die vereniging [**nie**] die eiendom van die vereniging of enige wesenlike deel daarvan [**sonder die instemming van die meerderheid van die lede teenwoordig by ’n algemene vergadering van die vereniging**] slegs ooreenkomstig die 15
bepalings van artikel 12(1) mag verkoop, skenk of met ’n verband of andersins beswaar [**nie**];”;
- (d) deur in subartikel (1) subparagraawe (ii), (iii) en (iv) van paragraaf (e) 20 onderskeidelik deur die volgende subparagraawe te vervang:
 “(ii) die finansiële rekords van die vereniging onderworpe is aan ’n jaarlikse onafhanklike verifikasie, soos deur die [**Direkteur-generaal**] Registrateur goedgekeur;
 (iii) al die kontant van die vereniging in ’n rekening geopen op naam 25
 van die vereniging gedeponeer moet word by ’n bank ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), geregistreer [**of ’n onderlinge bank ingevolge die Wet op Onderlinge Banke, 1993 (Wet No. 124 van 1993), geregistreer of by die** 30
Posspaarbank in artikel 52 van die Poswet, 1958 (Wet No. 44 van 1958) beoog] of die Wet op die Suid-Afrikaanse Posbank Beperk, 2010 (Wet No. 9 van 2010), of enige ander instelling wat die Direkteur-generaal goedkeur: Met dien verstande dat—
 (aa) ’n vereniging slegs ’n rekening mag oopmaak by ontvangs 35
 van ’n oorspronklike brief deur die Registrateur uitgereik en onderteken, wat bevestig dat die vereniging voldoen aan die bepalings van hierdie Wet, dat die vereniging ingevolge hierdie Wet geregistreer is en wat ander voorgeskrewe inligting bevat;
 (bb) die brief in subparagraaf (aa) bedoel, moet aan die 40
 spesifieke bank of instelling waar die vereniging ’n rekening wil oopmaak, gerig word en geld slegs vir die tydperk in die brief aangedui; en
 (cc) die vereniging moet, binne 14 dae nadat sodanige rekening oopgemaak is, die rekeningnommer en sodanige ander 45
 besonderhede soos deur die Registrateur vereis kan word, aan die Registrateur voorsien;
 (iv) die vereniging nie [**aandele anders as aandele**] effekte anders as 50
effekte gelys by ’n gelisensieerde [**effektebeurs omskryf in die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985)**] beurs beoog in artikel 9 van die ‘Financial Markets Act’, 2012 (Wet No. 19 van 2012), kan koop of vir vergoeding verkry nie.”; en
- (e) deur in subartikel (1) subparagraaf (vi) van paragraaf (e) deur die volgende subparagraaf te vervang: 55
 “(vi) die komiteelede vertrouensverantwoordelikhede het teenoor die vereniging en sy lede, en hulle bevoegdhede moet uitgeoefen word in die beste belang van al die lede van die vereniging[, 60
sonder enige voordeel vir hulleself in vergelyking met ander lede wat in dieselfde posisie is].”.

Amendment of section 10 of Act 28 of 1996

10. The following section is hereby substituted for section 10 of the principal Act:

“Information, [conciliation] dispute resolution and other assistance

10. (1) The [Director-General] Registrar may have forms, pamphlets and other documents prepared and distributed in order to promote the achievement of the objects of this Act. 5

(2) The [Director-General] Registrar may, of his or her own accord or at the request of a community, an association[, a **provisional association**] or any member thereof, appoint [a **conciliator**] any person who is experienced in dispute resolution and who is acceptable to the parties to a dispute to assist in resolving any issues for the purpose of the preparation or adoption of a constitution or to resolve a dispute between an association [or **provisional association**] and its members or between members or committee members of an association: Provided that if the parties to the dispute do not reach agreement on the person to be appointed, the [Director-General] Registrar may appoint a person who in his or her opinion has adequate experience or knowledge [in **conciliating community disputes**] of dispute resolution. 10 15

(3) A [conciliator] person appointed in terms of subsection (2) shall attempt to resolve the dispute— 20

- (a) by mediating the dispute;
- (b) by [fact-finding] determining facts relevant to the resolution of the dispute;
- (c) by making a recommendation to the parties to the dispute;
- (d) in any other manner that he or she considers appropriate. 25

(4) The [conciliator shall] person appointed in terms of subsection (2) shall report to the [Director-General] Registrar and the parties on the result of his or her [conciliation] dispute resolution and make recommendations in relation thereto: Provided that any recommendation accepted by the Registrar shall be binding on the association. 30

(5) All discussions taking place and all disclosures and submissions made during the [conciliation] dispute resolution process shall be privileged, unless the parties agree to the contrary.

(6) The [Director-General] Registrar may from time to time appoint persons or organisations acceptable to a community and with relevant knowledge or expertise to provide assistance and support to such community for the purposes of section 6. 35

(7) Any person contemplated in subsection (2) or (6) who is not in the full-time service of the State may from [moneys appropriated by Parliament for this purpose] the funds of the Department, be paid such remuneration and allowances in respect of the services rendered as [may be determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance] the Minister, with the concurrence of the Minister of Finance, may determine from time to time. 40

(8) The Minister may, in consultation with the Minister of Finance institute other programmes for the provision of assistance to communities or associations [or **provisional associations**] for the purposes of this Act.”. 45

Amendment of section 11 of Act 28 of 1996

11. The following section is hereby substituted for section 11 of the principal Act:

“Monitoring and inspection 50

11. (1) An association [or **provisional association**] registered under this Act shall, at the prescribed times, furnish prescribed documents and information to the [Director-General] Registrar in order to enable him or her to monitor compliance with the provisions of the relevant constitution and this Act. 55

(2) The [Director-General] Registrar may undertake an inspection of the affairs of an association [or **provisional association**].

Wysiging van artikel 10 van Wet 28 van 1996

10. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Inligting, [bemiddeling] geskilbeslegting en ander bystand

10. (1) Die [Direkteur-generaal] Registrateur kan vorms, voubiljette en ander dokumente laat opstel en versprei ten einde die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet te bevorder. 5

(2) Die [Direkteur-generaal] Registrateur kan, uit eie beweging of op versoek van ’n gemeenskap, ’n vereniging [of ’n voorlopige vereniging] of enige lid daarvan, [’n bemiddelaar] enigiemand met ervaring van geskilbeslegting en wat aanvaarbaar is vir die partye tot ’n geskil, aanstel om bystand te verleen met die beslegting van enige twispunte vir die doeleindes van die opstel of aanneming van ’n grondwet of om ’n geskil tussen ’n vereniging [of ’n voorlopige vereniging] en sy lede of tussen lede of komiteelede van ’n vereniging te besleg: Met dien verstande dat indien die partye by die geskil nie ’n ooreenkoms bereik oor die persoon wat aangestel moet word nie, die [Direkteur-generaal] Registrateur ’n persoon [met] wat na sy of haar oordeel toereikende ervaring of kennis van [die bemiddeling van gemeenskapsgeskille] geskilbeslegting het, kan aanstel. 10

(3) ’n [Bemiddelaar] Persoon wat ingevolge subartikel (2) aangestel is, moet poog om die geskil te besleg— 20

- (a) deur die bemiddeling van die geskil;
- (b) deur feite tersaaklik vir die beslegting van die geskil te bepaal;
- (c) deur ’n aanbeveling aan die partye by die geskil te doen;
- (d) op enige ander wyse wat hy of sy geskik ag.

(4) Die [bemiddelaar] persoon ingevolge subartikel (2) aangestel moet aan die [Direkteur-generaal] Registrateur en die partye verslag doen oor die uitslag van sy of haar [bemiddeling] geskilbeslegting en aanbevelings in verband daarmee doen: Met dien verstande dat enige aanbeveling deur die Registrateur aanvaar, bindend op die vereniging sal wees. 25

(5) Alle besprekings wat plaasvind en alle blootleggings en voorleggings gemaak gedurende die [bemiddelingsproses] geskilbeslegtingsproses, is geprivilegieerd, tensy die partye anders ooreenkom. 30

(6) Die [Direkteur-generaal] Registrateur kan van tyd tot tyd een of meer persone of organisasies wat aanvaarbaar is vir ’n gemeenskap en met tersaaklike kennis of kundigheid aanstel om bystand en ondersteuning aan daardie gemeenskap te verleen vir die doeleindes van artikel 6. 35

(7) Enige persoon in subartikel (2) of (6) beoog wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, kan, uit [gelde vir dié doel deur die Parlement bewillig] die fondse van die Departement, ten opsigte van die dienste gelever die besoldiging en toelaes betaal word wat die Minister [in oorleg] met die instemming van die Minister van Finansies, van tyd tot tyd bepaal. 40

(8) Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies ander programme instel om bystand aan gemeenskappe of verenigings [of voorlopige verenigings] vir die doeleindes van hierdie Wet te verleen.”.

Wysiging van artikel 11 van Wet 28 van 1996

45

11. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Monitering en inspeksie

11. (1) ’n Vereniging [of voorlopige vereniging] kragtens hierdie Wet geregistreer moet op die voorgeskrewe tye, die voorgeskrewe dokumente en inligting aan die [Direkteur-generaal] Registrateur verskaf ten einde hom of haar in staat te stel om die nakoming van die bepalings van die betrokke grondwet en hierdie Wet te moniteer. 50

(2) Die [Direkteur-generaal] Registrateur kan die sake van ’n vereniging [of voorlopige vereniging] ondersoek.

(3) The **[Director-General]** Registrar may, for the purposes of this section—

- a) inspect and remove, for the purposes of copying only, any records, reports and other documents relating to the affairs of an association **[or provisional association]** and ensure the prompt return of all such documents; 5
- b) subpoena persons who may have relevant information or documentation in respect of the affairs of an association **[or provisional association]** to appear before him or her to provide information or documentation in relation to the affairs of the association **[or provisional association]**, if the attendance of such persons cannot reasonably be procured otherwise. 10

(4) A subpoena issued in terms of subsection (3)(b) shall be served in accordance with the manner prescribed for the service of subpoena in terms of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944). 15

(5) Any person who is duly subpoenaed in terms of subsection (3)(b) and who fails, without lawful excuse, to appear or to provide the required information or documentation, shall be guilty of an offence and liable to the punishment provided in the said Magistrates' Courts Act, 1944, for failure to comply with a subpoena issued in terms of that Act. 20

(6) If a dispute arises within an association **[or provisional association]** the **[Director-General]** the Registrar may, of his or her own accord, or at the request of a member of the association **[or provisional association]**—

- a) undertake an enquiry into the activities of the association **[or provisional association]**, in which event he or she shall take reasonable steps to ensure that interested parties are made aware of the enquiry and of its outcome; 25
- b) advise the association **[or provisional association]** and the members of their respective rights and obligations;
- c) make a **[conciliator]** person contemplated in section 10(2) available to assist in the resolution of the dispute; 30
- d) on good cause shown and having heard the parties concerned, dissolve a committee or relieve a committee member of his or her duties and require the members of the association to conduct an election for a new committee or appoint a new member, if the integrity, impartiality or effectiveness of the committee or any member of the committee is in question; 35
- (dA) appoint an interim committee from amongst members of the association pending the election of a new committee, and the interim committee shall have— 40
 - (i) all the powers of a committee; and
 - (ii) an official designated by the Registrar as one of its members;
- e) initiate proceedings contemplated in section 13; or
- f) take such other reasonable measures as he or she considers appropriate in the circumstances. 45

(6A) No person convicted of an offence in the Republic or elsewhere which involves dishonesty or any other offence for which he or she has been sentenced to imprisonment without the option of a fine, shall be elected as a committee member or, if such person has already been elected to be a member, he or she shall resign as a member. 50

(7) When acting in terms of subsection (6) the **[Director-General]** Registrar shall be guided by the aim of resolving the dispute in accordance with the provisions of the constitution of the association.

(8) The identity of a member making a request in terms of subsection (6) or the fact that a request has been made by a member need not be disclosed if there are reasonable grounds for believing that such member may be victimised. 55

(9) If the membership of a member has been terminated, the association **[or provisional association]** shall inform the **[Director-General]** Registrar and provide **[the Director-General]** him or her with the prescribed information relating to the termination.”. 60

(3) Die **[Direkteur-generaal]** Registrateur kan, vir die doeleindes van hierdie artikel—

(a) enige rekords, verslae en ander dokumente wat verband hou met die sake van die vereniging **[of voorlopige vereniging]** inspekteer en slegs vir die doeleindes van kopiëring verwyder en verseker dat al die dokumente onverwyld terugbesorg word; 5

(b) persone wat oor tersaaklike inligting of dokumentasie ten opsigte van die sake van die vereniging **[of voorlopige vereniging]** beskik, as getuies dagvaar om voor hom of haar te verskyn om inligting of dokumente met betrekking tot die sake van die vereniging **[of voorlopige vereniging]** te verskaf, indien die teenwoordigheid van sodanige persone nie redelikerwys op 'n ander wyse verkry kan word nie. 10

(4) 'n Dagvaarding ingevolge subartikel (3)(b) uitgereik, word gedien op die wyse wat vir die diening van dagvaardings ingevolge die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), voorgeskryf word. 15

(5) 'n Persoon wat behoorlik ingevolge subartikel (3)(b) gedagvaar is en sonder 'n regsaanvaarbare verskoning versuim om te verskyn of die vereiste inligting of dokumentasie te verskaf, is skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met die strawwe wat in bedoelde Wet op Landdroshowe, 1944, vir die versuim om te voldoen aan 'n dagvaarding wat ingevolge daardie Wet uitgereik is, voorgeskryf word. 20

(6) Indien 'n geskil binne 'n vereniging **[of voorlopige vereniging]** ontstaan, kan die **[Direkteur-generaal]** Registrateur uit eie beweging of op versoek van 'n lid van die vereniging **[of voorlopige vereniging]**— 25

(a) 'n ondersoek na die bedrywighede van die vereniging **[of voorlopige vereniging]** doen, in welke geval hy of sy redelike stappe moet doen ten einde te verseker dat belanghebbende partye bewus is van die ondersoek en die uitslag daarvan;

(b) die vereniging **[of voorlopige vereniging]** en die lede oor hulle onderskeie regte en verpligtinge adviseer; 30

(c) 'n **[bemiddelaar]** persoon in artikel 10(2) beoog beskikbaar stel om bystand te verleen met die beslegting van die geskil;

(d) by die aanvoer van goeie gronde en na die aanhoor van die betrokke partye, 'n komitee ontbind of 'n komiteelid van sy of haar pligte ontnem en vereis dat die lede van die vereniging 'n verkiesing vir 'n nuwe komitee hou of 'n nuwe lid aanstel, indien die integriteit, onpartydigheid of doeltreffendheid van die komitee of enige lid van die komitee bevraagteken word; 35

(dA) 'n tussentydse komitee van lede van die vereniging aanstel, hangende die verkiesing van 'n nuwe komitee en die tussentydse komitee het— 40

(i) al die bevoegdhede van 'n komitee; en

(ii) 'n beamppte deur die Registrateur aangewys as 'n lid van die komitee;

(e) verrigtinge in artikel 13 beoog van stapel stuur; of 45

(f) die ander redelike maatreëls tref wat hy of sy in die omstandighede geskik ag.

(6A) Niemand in die Republiek of elders skuldig bevind aan 'n misdryf wat oneerlikheid behels of enige ander misdryf waarvoor hy of sy tot gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete gevonnissen is, word as 'n komiteelid verkies nie of indien sodanige persoon reeds verkies is, moet hy of sy as lid bedank. 50

(7) Wanneer die **[Direkteur-generaal]** Registrateur ingevolge subartikel (6) optree, moet hy of sy gelei word deur die voorneme om die geskil ooreenkomstig die bepalinge van die grondwet van die vereniging te besleg. 55

(8) Die identiteit van 'n lid wat 'n versoek ingevolge subartikel (6) rig, of die feit dat 'n versoek deur 'n lid gerig is, hoef nie bekend gemaak te word nie indien daar redelike gronde bestaan om te glo dat sodanige lid 'n onreg aangedoen kan word. 60

(9) Indien die lidmaatskap van 'n lid beëindig is, moet die vereniging **[of voorlopige vereniging]** die **[Direkteur-generaal]** Registrateur in kennis stel en die **[Direkteur-generaal]** Registrateur voorsien van die voorgeskrewe inligting betreffende die beëindiging.”.

Amendment of section 12 of Act 28 of 1996

12. The following section is hereby substituted for section 12 of the principal Act:

“Approval for certain transactions

12. (1) An association may not **[dispose of or encumber or conclude any prescribed transaction in respect of the whole or any part of the immovable property of the association, or any real rights in respect thereof,]** without the consent of the majority of members present at a general meeting of members— 5

(a) sell, donate or encumber communal land or immovable property of the community or any real rights in respect thereof, or conclude any transaction including any prescribed transaction in respect thereof, or purchase any immovable property, without the prior consultation with the Minister and without a resolution supported by no less than 60% of the members of the association having a right to make decisions as contemplated in item 8 of the Schedule: Provided that if an association decides to sell immovable property, notice of such intention shall be given to the Director-General and the Department shall have the first option to purchase such immovable property: Provided further that the Department shall, within three months from the date of receipt of such notice, inform the association whether it intends purchasing the immovable property or not, and if it decides to purchase, such purchase shall be concluded within nine months from the date of receipt of the notice; 10 15 20

(b) sell, donate or encumber any movable property, or purchase any movable property, without the consent of the majority of members of the community present at a general meeting of members and, if such movable property was bought or is to be bought through financial assistance provided by the Department, without the consent of the Registrar; or 25

(c) enter into any lease agreement in respect of any immovable property without the consent of the majority of the members of the community and the Registrar: Provided that the Registrar may only provide such consent if, in his or her opinion, the provisions of the lease agreement, including the lease period, the rental to be paid and the purposes for which the property is to be used, are reasonable and in the best interest of the community. 30 35

(2) **[Such consent]** The requirement of consultation with the Minister referred to in subsection (1)(a) and the requirement of consent referred to in subsection 1(b) and (c) may be given in respect of a series of transactions, without identifying each individual transaction. 40

(3) Any disposal, mortgage, encumbrance, purchase or prescribed transaction in contravention of subsection (1) shall be voidable.

(4) A member who alleges that an association has concluded a transaction contrary to the provisions of subsection (1) may request the **[Director-General] Registrar** to **intervene in [assist him or her in]** challenging the validity of such transaction. 45

(5) The **[Director-General] Registrar** may, if he or she considers it desirable having regard to the nature and seriousness of the allegation, make a **[conciliator] person** contemplated in section 10(2) available to assist in the resolution of the dispute. 50

(6) The **[Director-General] Registrar** shall, at the request of an association, appoint an authorised officer to attend a general meeting of an association and to take such other steps as may be necessary in order to certify that a transaction referred to in subsection (1) has been duly approved at a general meeting and is in accordance with the constitution of the association.”. 55

Wysiging van artikel 12 van Wet 28 van 1996

12. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Goedkeuring van sekere transaksies

12. (1) 'n Vereniging kan nie [oor die geheel of 'n gedeelte van die onroerende eiendom van die vereniging of enige saaklike regte ten opsigte daarvan, beskik of dit beswaar of enige voorgeskrewe transaksie ten opsigte daarvan aangaan nie,] sonder die instemming van die meerderheid lede teenwoordig op 'n algemene vergadering van lede—
- (a) oor die geheel of 'n gedeelte van die onroerende eiendom van die gemeenskap of enige saaklike regte ten opsigte daarvan, beskik of dit skenk of beswaar, of 'n transaksie met inbegrip van 'n voorgeskrewe transaksie ten opsigte daarvan aangaan nie, of enige onroerende eiendom koop nie, sonder vooraf oorlegpleging met die Minister en sonder 'n resoluëie deur minstens 60% van die lede van die vereniging met 'n reg om besluite te neem soos beoog in item 8 van die Bylae nie: Met dien verstande dat as 'n vereniging besluit om onroerende eiendom te verkoop, kennis daarvan aan die Direkteur-generaal gegee moet word en die Departement eerste opsie moet hê om daardie onroerende eiendom te koop: Met dien verstande verder dat die Departement, binne drie maande vanaf die datum van ontvangs van daardie kennisgewing, die vereniging moet inlig of die Departement voornemens is om die onroerende eiendom te koop, al dan nie, en indien die Departement besluit om te koop, moet daardie aankoop binne nege maande vanaf die datum van ontvangs van die kennisgewing afgehandel wees;
- (b) enige onroerende eiendom verkoop, skenk of beswaar, of enige roerende eiendom aankoop nie, sonder die toestemming van die meerderheid lede van die gemeenskap teenwoordig by 'n algemene vergadering van lede en, indien sodanige roerende eiendom aangekoop staan te word deur finansiële bystand deur die Departement voorsien, sonder die toestemming van die Registrateur nie; of
- (c) enige huurooreenkoms aangaan ten opsigte van enige onroerende eiendom nie sonder die toestemming van die meerderheid van die lede van die gemeenskap en die Registrateur: Met dien verstande dat die Registrateur sodanige toestemming kan gee indien, na sy of haar oordeel, die bepalings van die huurooreenkoms, met inbegrip van die huurtydperk, die huur wat betaal staan te word en die doeleindes waarvoor die eiendom gebruik staan te word, redelik en in die beste belang van die gemeenskap is.
- (2) [Sodanige instemming] Die vereiste van oorleg met die Minister in subartikel (1)(a) bedoel en die vereiste van instemming in subartikel 1(b) en (c) bedoel kan verleen word ten opsigte van 'n reeks transaksies sonder om elke transaksie afsonderlik te identifiseer.
- (3) Enige beskikking, verband, beswaring, aankoop of voorgeskrewe transaksie strydig met subartikel (1) is vernietigbaar.
